DIE MOTIEF, EIS EN UITLEWING VAN DIE LIEFDESGEBOD IN DIE NUWE TESTAMENT IN DIE TEOLOGIE VAN PAULUS

deur

FREDRY PRETORIUS

DIE MOTIEF, EIS EN UITLEWING VAN DIE LIEFDESGEBOD IN DIE NUWE TESTAMENT IN DIE TEOLOGIE VAN PAULUS

deur

FREDRY PRETORIUS

Skripsie

Voorgelê om gedeeltelik te voldoen aan die vereistes

vir die graad Baccalareus Theologiae

in die

Departement Nuwe Testament

aan die

Afrikaanse Protestantse Akademie

onder leiding van

prof. dr. GDS Smit

2012

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING 1

Probleemstelling 1

Metodiek 2

Doelstelling 2

HOOFSTUK 1: DIE WET IN DIE TEOLOGIE VAN PAULUS TEENOOR DIE LEGALISTIESE BESKOUING VAN DIE JODE 3

Agtergrond 3

Die konteks van die wet in die OT 3

Wat was God se doel met die Wet in die OT? 3

Samevatting 4

Die beskouing van die Wet in en na die Intertestamentêre periode 5

Samevatting 7

Paulus teenoor die Judaïsme 8

Samevatting 12

HOOFSTUK 2: DIE WET IN DIE MESSIAANSE ERA 14

Die eskatologie van Paulus 14

'n Nuwe verbond binne sy eskatologiese karakter 14

'n Nuwe hart 16

Samevatting 17

"Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo" (Rom10:4) .. 17

Samevatting 19

HOOFSTUK 3: DIE SOTERIOLOGIE VAN PAULUS 21

Geen regverdigmaking deur die wet 21

"Roem" 24

Die kragteloosheid van die wet as gevolg van die vlees. Die slawerny van die sonde ... 25

Regverdigmaking deur die geloof alleen 26

Samevatting....27
HOOFSTUK 4: DIE STRYD TEEN DIE SONDE IN ROM 7....29
Die antropologie van Paulus....29
Doelstelling....29
Rom 7 binne die “antropologie” van Paulus....29
Universeel in die sonde....31
Impotensie van die wet....33
As die wet op sigself sonde is, is die wet dan aan die kant van die sonde?....34
Die ou Adam....35
Christus: Die laaste Adam....36
Samevatting....37
HOOFSTUK 5: NUWE GEHOORSAAMHEID....39
Die etiek van Paulus....39
Doelstelling....39
Die funksie van die wet....39
Samevatting....42
Die waarde van die wet duur voort....43
Samevatting....45
SLOT....47
Slotsom....47
Samevatting....47
Die wet in die ou Testament en Inter-Testamentêre periode....47
Die wet in die Messiaanse era....48
Geen regverdigmaking deur die Wet nie....48
Die stryd teen die sonde in Rom 7....49
Nuwe Gehoorsaamheid....50
Gevolgtrekking....51
Bevinding....51

OPSOMMING 52

SUMMARY 53

BRONNELYS 54

INLEIDING

Probleemstelling

Wat is die doel van die wet in die Nuwe Testament? Moet ons dit nog nakom en indien wel, hoe? In hierdie studie gaan die vervulde wet in Jesus Christus as liefdesgebod in die Nuwe Testament binne die teologie van Paulus ondersoek word. Die rol wat die wet binne die eskatologie, soteriologie, antropologie en etiek van Paulus gespeel het, gaan as fokuspunte uitgesonder word.

Wanneer die vraag gevra word: Is dit enigsins moontlik vir `n gelowige om die wet na te kom?, is beide ja en nee die antwoord. Paulus gebruik kontraste om hierdie vermoë sowel as onvermoë om die wet na te kom te verduidelik en G.E. Ladd wys as volg daarop:

"Paul's thought about the Law is often difficult to understand because he seems to make numerous contradictory statements. He asserts that those who do the Law shall be justified (Rom 2:13) and shall find life by the Law (Rom 1:5; Gal 3:12); but at the same time he affirms that no man shall be justified by the Law (Rom 3:20) but is only brought to death by the written code of the law (II Cor 3:6), for the Law cannot give live (Gal 3:21). He claims he was blameless in his obedience to the Law (Phil 3:6) and yet asserts that no man can perfectly submit to the Law (Rom 8:7)" Ladd (1993:539).

Paulus kontrasteer die onvermoë van die sondige mens om die wet te onderhou teenoor die wedergebore mens in Christus wat in die Gees wel die vermoë ontvang om die wet te kan onderhou.

Herman Ridderbos verwys na die innerlike mens in Christus teenoor die uiterlike mens, buite Christus waar hy Rom 7:14-25 as voorbeeld gebruik: "The question arises finally as to whether what Paul says in Romans 7:14-25 'in favor' of the 'I', the inward man, the nous, admits of being reconciled with the general picture with which we meet elsewhere in his epistles concerning the corruption of sin in man outside Christ. It is a question here in particular of those pronouncements in which the apostle says: 'for I do not that which I will, but what I hate, that I do....so now it is not that I do it, but sin which dwells in me....me, for I delight in the Law of God after the inward man....

So then I of myself with the nous, indeed, serve the law of God; but with my flesh the law of sin'"Ridderbos (1975:128).

Daarom gaan daar in hierdie studie gekyk word na die wet in terme van die "vleeslike" mens en die "Geestelike" mens. Aandag sal ook gegee word aan hierdie onderskeid sowel as die "spanningsverhouding" wat daar in die gelowige se lewe woed tussen die vleeslike en die geestelike en watter rol die wet daarop uitoefen.

Metodiek

Hierdie is hoofsaaklik 'n teologiese ondersoek waarin op die teologie van Paulus gefokus gaan word.

In Hoofstuk 1 gaan na die agtergrond van die rol van die wet in die Ou Testament en Inter-Testamentêre periode binne die lewe van Israel, gekyk word. Daar gaan ook kortliks na die nuwe perspektief op Paulus van onder andere E.P. Sanders gekyk word.

In hoofstuk 2 gaan gekyk word na die verandering wat die nuwe verbond tot stand gebring het in verband met die wet binne die eskatologie van Paulus.

In hoofstuk 3 gaan daar na die verband tussen die wet en regverdigmaking binne die soteriologie van Paulus gekyk word.

In hoofstuk 4 gaan daar na die doel van en na die rol wat die wet speel in die antropologie van Paulus met Rom 7 as fokuspunt gekyk word.

In hoofstuk 5 gaan daar na die doel en die rol van die wet binne die Christelike lewe vanuit die etiek van Paulus gekyk word.

Doelstelling

Die doel van hierdie studie is om 'n Bybelse perspektief op die rol, doel en funksie van die wet in die lig van die vervulling daarvan in Christus te kry en met die oog daarop om te verstaan wat dit prakties vir die gelowige in Christus beteken. Die titel van die studie wys waarop die klem val, naamlik:

- Wat is die doel van die wet in die lig van die vervulling daarvan in Christus en hoe raak dit die lewe van die gelowige?
- Het die gelowige in Christus nog 'n verpligting teenoor die wet?
- Hoe raak die wet kragtens die vervulling daarvan die lewe van die gelowige in Christus?

HOOFSTUK 1: DIE WET IN DIE TEOLOGIE VAN PAULUS TEENOOR DIE LEGALISTIESE BESKOUING VAN DIE JODE

AGTERGROND

Die konteks van die wet in die OT

Wat was God se doel met die Wet in die OT?

Volgens Ladd (2010: 540) was die hart van die godsdiens beoefening in die Ou Testament nie legalisties van aard nie. Die Wet was ook nie gegee ten doel om die regte verhouding teenoor God te verkry deur middel van gehoorsaamheid nie. Die wet was juis gegee binne die konteks van die verbond waarin die Wet onderlê was en wat die wet vooruitgegaan het. Hierdie verbond was geïnisieer deur die genade handeling van God.

Die doel waarmee die Wet aan Israel gegee was, was sodat dit Israel aan haar God sou verbind. Dit was nie gehoorsaamheid aan die Wet wat vir Israel as God se volk gekonstitueer het nie; dit het veel eerder vir Israel voorsien van ’n standaard waaraan hul gehoorsaamheid gemeet kon word en waardeur die verbonds-verhouding bewaar moes word. “Thus the object of the law is to settle the relationship of the covenant-nation and of the individual to the God of the covenant and to the members of the nation who belong to the same covenant” (Ladd 2010: 540).

Levitikus: 18:5: “Hou dan my insettinge en my verordeninge wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe. Ek is die HERE”. Volgens Ladd (2010:540) is die betekenis van hierdie woorde dat die beloning vir gehoorsaamheid aan die Wet, die bewaring van ’n gesonde verhouding met die Here was. Die gevolg daarvan was ’n lewe waarin die seëninge van God geniet kon word. Hierdie lewe was egter nie ’n beloning wat deur goeie werke verdien was nie, dit was ’n gawe van God.

“This is illustrated by Deuteronomy 30:15-20 where Moses lays before the people the choice of life or death, which is determined by whether or not Israel chooses the Word of God. Only by faith, i.e., by cleaving to the God of salvation, will the righteous have life (cf. Hab. 2:4; Am. 5:4, 14; Jer. 38:20). It is obvious that life is here understood as a gift” (Ladd 2010:540).

Die begrip lewe word tweërlei voorgestel. Eerstens word dit voorgestel as die belewing van die seën van God binne ’n goeie verhouding teenoor God wat deur die Wet beskerm en

bevorder word. In die tweede plek word die begrip lewe voorgestel as iets wat binne die God van verlossing gesetel is, wat slegs deur geloof en die vasklouing aan God, aan die regverdiges geskenk word. Die lewe van God se seën, sowel as die lewe van verlossing is in beide gevalle gesien as ’n gawe van God.

Ladd (2010:540) toon aan, in die lig van Deuteronomium 6:5 en 10:12 en Levitikus 19:18, dat die gehoorsaamheid wat deur die wet verwag was, liefde teenoor God en die naaste vereis het en dus nie deur ’n blote legalisme bevredig kon word nie. Gehoorsaamheid was ’n uitdrukking van vertroue op God en slegs hulle wat waarlik sy volk was, kon hierdie vertroue hê.

Die tweevoudige karakter van die volk van God was ’n kern element van die ou verbond. Aan die eenkant was hulle as ’n teokratiese nasie gekonstitueer; maar aan die ander kant het hulle ook as volk ’n geestelike karakter gehad. Om deel van die volk te word, moes daar aan talle uiterlike wette voldoen word. ’n Voorbeeld hiervan was die besnydenis. Die besnydenis van die vlees was egter nie genoeg om ’n persoon met God te versoen nie. Daar moes ook ’n besnydenis van die hart plaasvind (Jer 4:4; Deut 10:1). Die volk het dikwels ongehoorsaam geword aan die vereistes van die verbond. Die profete het ten tye van verval aangekondig dat God die nasie as geheel verwerp het en dat Hy in haar plek ’n getroue oorblyfsel sal oprig wat regverdig van hart sowel as van daad sal wees. Reeds in die Ou Testament (Jer 31:33) word daar onderskeid getref tussen die begrippe nasie en “kerk”. Dit kom voor in die onderskeid tussen die fisiese volk Israel en die ware, geestelike Israel en dit is hulle op wie se harte die wet geskrywe sal word (Ladd 2010: 541).

Samevatting

Die doel van die wet in die Ou Testament was nie om legalisties te wees of om deur gehoorsaamheid ’n goeie verhouding met God te bekom nie. Die verbond was binne die konteks van die verbond aan Israel gegee met die doel om die volk aan God te verbind. Die wet het vir Israel voorsien van ’n standaard waardeur hul gehoorsaamheid aan God gemeet kon word en waardeur die verbondsverhouding bewaar moes word. Die gevolg van die gehoorsaamheid aan die wet was ’n lewe waarin die seëninge van God geniet kon word. Die begrip lewe is gesien as die fisiese lewe waarin die seëninge van God binne ’n goeie verhouding teenoor Hom, wat deur die wet beskerm word, geniet kon word. Die lewe is ook gesien as as iets wat in God self gesetel was, wat slegs deur geloof en die vasklouing aan

God, aan die regverdiges geskenk word. Die lewe is gesien as ’n gawe van God. Israel het beide ’n fisiese verbondskarakter gehad sowel as ’n geestelike karakter. Die fisiese Israel het dikwels hulle verbondskarakter verlaat deur sonde te doen en die wet van God te verbreek. Die geestelike Israel is die ware volk van God, dit is hulle in wie se harte God self sy wet sal skryf.

Die beskouing van die Wet in en na die Intertestamentêre periode

Die rol van die wet het ’n fundamentele verandering in die lewe van die volk ondergaan gedurende die Inter-Testamentêre periode aangaande die plek van die wet in die volk se lewe. Die belangrikheid van die konsep van die verbond het begin om ’n klemverskuiwing te ondergaan na die belangrikheid van die plek van die Wet. Die gevolg was dat die belangrikheid van die wet die voorwaarde vir lidmaatskap binne God se volk geword het. Die bestudering van die Wet het die basis geword waardeur God uitspraak lewer oor die individu.

“Resurrection will be the reward of those who have been devoted to the Law (2 Macc. 7:9). The Law is the basis of the hope of the faithful (Test. Jud. 26:1), of justification (Apoc. Bar. 51:3), of salvation (Apoc. Bar. 51:7), of righteousness (Apoc. Bar. 57:6), of life (4 Ez. 7:21; 9:31). Obedience to the Law will even bring God’s Kingdom and transform the entire sin-cursed world (Jub. 23). Thus the Law attains the position of an intermediary between God and humankind” (Ladd 2010:541).

Ladd (2010:541) wys daarop dat hierdie verskuiwing die hele uitgangspunt van die Ou Testament naamlik die verbond verander. Die beginpunt van die verhouding met God verskuif dus weg van die verbond af na die Wet. Hierdie verskuiwing maak die uitgangspunt van die verbond ongeldig volgens Ladd en die Wet ontvang as’t ware die posisie as bemiddelaar tussen die mens en God.

Die Torah (wetboek) het sodoende die een en enigste bemiddelaar tussen God en die mens geword; alle verhoudinge tussen God en die mensdom, Israel, of die wêreld word op ’n laer vlak geplaas as die Torah. Regverdigmaking, sowel as die toekomstige lewe binne die wêreld wat nog moet kom, word verseker deur die Torah te onderhou. “The more study of the law, the more life....” “If (a man) has gained for himself words of the law, he has gained for himself life in the world to come” (Pirke Aboth 2:7), (Ladd 2010:541).

Hierdie het egter nie beteken dat daar 'n absolute leegte bestaan het wat geestelike waardes betref nie. Ladd (2010:541) wys daarop dat daar sommige kringe was binne die Judaïsme waarbinne die hoër elemente van innerlike toewyding en getrouheid saam met die strenge navolging van die Wet gegroepeer was. Binne die eerste eeuse sinagogediens, het die herhaling van die *šema'*, wat 'n oproep om God met die hele hart lief te hê insluit, sentraal gestaan. Die herhaling van die *šema'* was ook gesien as 'n geestelike onderwerping aan die heerskappy van God.

Ladd (2010:541) wys daarop dat die Jode selde moedeloos geword het oor die "Vervulbaarheid" van die wet, maar dit was egter steeds 'n wesenlike probleem. "All of the commandments, both written and oral, must be kept. To violate one of them was equivalent to rejecting the whole law and refusing God's yoke (Sifre on Num. 15:22). However, salvation did not depend upon faultless conformity to the Law. Humanity is indwelt by an evil impulse as well as a good impulse, and therefore no one can attain to sinless perfection".

Die gevolg hiervan was dat die regverdige persoon al hoe meer gesien is, nie as iemand wat die Wet volkome nakom nie, maar as iemand wat volkome daarna strewe om sy/haar lewe te rig volgens die Wet. Die opregtheid waardeur hierdie doel 'n persoon se lewe beheers en die absolute toespitsing om dit te bereik, het die kenmerk geword van 'n regverdige persoon se lewe. Aangesien God dan geweet het dat die mens nie die wet volkome kan onderhou nie, as gevolg van die "bose impuls" wat God self in sy skepsels ingeplant het, het God bekering voorsien as 'n middel waardeur 'n persoon se sondes vergewe kan word (Ladd 2010:541).

Bekering moes dus saam met die Wet ontstaan het en is een van die sewe dinge[1] wat voor die skepping reeds bestaan het. Bekering speel so 'n groot rol in Judaïsme dat Moore dit "the Jewish doctrine of salvation" noem. Die regverdige persoon is dus nie iemand wat wel daarin slaag om die wet te onderhou nie, maar een wat van voorneme is om dit te onderhou, wat daarna strewe om dit te onderhou en tot bekering kom wanneer hy/sy nie daarin slaag nie. Hierdie bekering is die enigste maar onvermybare voorwaarde vir God se vergiffenis en is voldoende ongeag hoe groot die sonde ook al mag wees en hoe lank ook al dit mag neem vir

[1] Moore, GF *Judaism* 1:266, 526.

die persoon om tot inkeer te kom. Bekering is die proses waardeur die binneste van 'n persoon skoon gewas word en sodoende skakel dit die persoon se verlede uit sodat hy of sy in wese nuut geskape word (Ladd 2010: 542).

Offers is gebring omdat die Wet dit beveel het, maar Judaïsme het egter geen teorie gehad vir die betaling van sondes nie. Dit was dus die bekering wat daarmee gepaard gegaan het wat die effektiwiteit van die offers verseker het. Dit is dus die intensie om die Wet te vervul wat iemand nader aan God bring en nie die vervulling van die Wet self nie. Hierdie intensie om die wet te vervul is dan gesien as ’n bevestiging van die verbond wat die Wet voorafgaan (Ladd 1993:543).

Daar is talle verskillende menings oor die standpunte oor die lot van die regverdiges, die bose en die middelklas wie se regverdigheid en sondes mekaar uitkanselleer. Die regverdiges gaan die ewige lewe onmiddellik binne. Sekere uiterste bose groepe mense sal vir ewig in die hel toegesluit word om vir hul sondes te betaal. Ander wat minder boos is, saam met die bose mense van die nasies, word in die hel gewerp om vir ’n periode van twaalf maande gestraf te word en word daarna vernietig. Oor die lot van die groot meerderheid Israeliete wat as “half righteous and half sinful” geklassifiseer was, het die skole van Hillel en Shammai verskil. Die skool van Hillel het volgehou dat God se genade die balans sal laat val aan die kant van genade en dat hulle glad nie hel toe gestuur sal word nie. Die skool van Shammai aan die ander kant het aangevoer dat hulle wel in die hel gewerp sal word, maar dat hulle weer genees daar sal uitgaan (Ladd 1993:544).

Samevatting

Binne die Inter-Testamentêre Periode het die rol wat die wet in Israel se lewe gespeel het, begin om te verander. Die klem het begin om weg te skuif van die verbond as beginpunt van die verhouding met God, na die wet. Die wet het die konstituering van die volk geword en nie meer die verbond nie. Die gevolg was dat die wet ’n bemiddelaar tussen God en die mens geword het. Dit is egter onmoontlik vir ’n mens om die wet volkome te onderhou. Die gevolg was dat die regverdige persoon nie gesien was as iemand wat die wet volkome onderhou nie, maar as iemand wat met sy/haar hele wese daarna streef om die wet te onderhou. Dit was hierdie ywer vir die wet wat die kenmerk geword het van ’n regverdige persoon. Wanneer iemand dan misluk het om die wet na te kom, moes bekering intree. Bekering het ’n baie belangrike rol gespeel binne die lewe van die volk en is gesien as die proses waardeur die binneste van ’n persoon skoon gewas word en sodoende skakel dit die persoon se verlede uit sodat hy of sy in wese nuut geskape word. Daar was verskeie menings oor wat na die dood met die mens sou gebeur.

Paulus teenoor die Judaïsme

Paulus daarteenoor het radikaal verskil van die Joodse leer oor verlossing. Hy het die verband tussen die Wet en die verbond losgemaak en het die Wet geïsoleer van die regerende konteks van God se verbond met Israel.

In realiteit het Judaïsme die Wet as plaasvervanger vir die verbond gesien of hul het die verbond geïdentifiseer met die Wet. Die konsep van die verbond het ’n baie klein rol in die rabbynse geskrifte gespeel en is dikwels met die besnydenis en die Sabbat geïdentifiseer (Ladd 1993:543).

Paulus se lewe as Jood was een van wettiese toewyding aan die Wet. Hy verwys na homself as ’n toegewyde Jood, ’n Fariseër wat onberispelik was in sy ywer in toewyding aan die Wet (Fil 3:5-6). Hy was vooruitstaande in sy ywer teenoor die geskrewe wet sowel as die mondelinge oorgelewerde tradisies (Gal 1:14). Die sleutel van Paulus se verstaan van die Wet, lê in die feit dat hierdie diepe toewyding teenoor die wet tot trots (Fil 3:4,7) en roem (Rom 2:13,23) gelei het. Hierdie roem is in kontras teenoor geloof (Rom 4:2), aangesien dit dui op ’n poging om ’n basis daar te stel vir ’n menslike regverdigmaking deur werke (Rom 3:27) wat eer soek by God en wat eerder op die mens self staatmaak as op God (Ladd 1993:544).

Hierdie menslike trots en roem is aanstootlik vir die karakter van God, aan wie alle eer toekom en voor wie geen mens mag roem nie (1 Kor 1: 29). Die engste objek vir ’n persoon se roem is God self (1 Kor 1:31; 2 Kor 10:17). Dit was hierdie selfde ywer vir die wet wat vir Paulus verblind het teenoor die Goddelike regverdigmaking in Jesus Christus. Eers deur die Goddelike intervensie op die Damaskus pad, was sy trots en self-regverdiging verpletter en het dit hom gebring tot die nederige aanvaarding van die regverdigmaking van God (Ladd 1993: 545).

In 1977 het E.P. Sanders sy boek: Paul and Palestinian Judaism: A Comparison of Patterns of Religion, laat verskyn. Sanders het aangevoer dat die “sogenaamde legalisme of Judaïsme” ’n mite was wat op die bewyse afgedwing was deur Christelike geleerdes wat Judaïsme vanuit ’n siniese oogpunt beoordeel het. Volgens Sanders was veral die Protestante daartoe geneig om die uitsprake teen Judaïsme in die Nuwe Testament deur die bril van hul eie konflik met die Rooms Katolisisme in die sestiende eeu te lees. Hulle het gevolglik die defektiewe siening van genade binne die Rooms-Katolisisme ook op die Joodse bronne geprojekteer. ’n

Objektiewe bestudering van die Tweede Tempel Joodse bronne, het aangetoon dat Judaïsme ’n baie gesonde leer oor God se genade bevat (Schreiner 2010:36).

Sanders voer aan dat daar ’n algemene religieuse patroon binne die Tweede Tempel Judaïsme was, wat Sanders: “covenantal nomism” noem. God het tot die verbond met sy volk getree, deur sy genade. Israel se bestudering van die wet het hulle nie in ’n verbondsverhouding met God gebring nie. Hulle was ingebring in ’n verhouding met Hom, deur die kwaliteit van die Here se genade. Die opdrag om die wet na te kom was ’n reaksie op God se genade. Dus kan nominisme nie aan legalisme gelykgestel word nie. Israel het nie geglo dat God die individu se meriete geweeg het om te bepaal of hulle die finale beloning sou ontvang nie. Hulle het ook nie geleer dat iemand God se guns kon verdien of meriete opbou wat God se guns tot verlossing kan swaai nie. Israel het binne ’n verhouding wat op genade gebaseer was met God gebly, deur die Wet te bestudeer, maar hulle het binne die oorspronklike verhouding met Hom getree, deur sy genade (Schreiner 2010:36).

Indien Sanders se voorstelling van Judaïsme akkuraat is, hoe verklaar ons dan die kritiek van Paulus teen die Wet? Sanders se eie oplossing was dat Paulus die Wet om Dogmatiese redes verwerp het. Paulus het tot die oortuiging gekom dat Christus die antwoord op die mensdom se probleem was en dat verlossing slegs deur Hom kon plaasvind. As verlossing dan slegs deur Christus was, hoe moet die Wet verklaar word? Volgens Sanders het Paulus nie’n inherente probleem met die Wet gesien nie. Die onvermoë van die wet kan nie aan die mens se onvermoë om dit na te kom, of aan ’n legalistiese ingesteldheid teenoor die wet, toegeskryf word nie.

Volgens Sanders het Paulus eerder geargumenteer vanuit die standpunt van oplossing na nood. Aangesien Christus die oplossing vir die menslike nood is (oplossing), dan moet die wet ’n probleem (nood) wees. Tog het Paulus nie ‘n fundamentele probleem met die Wet voorsien nie. Sanders hou vol dat Paulus se manier van redeneer met tye vermoeisaam en verwarrend is, maar dat dit verduidelik kan word vanuit sy teologiese voorveronderstelling dat Christus die antwoord op die menslike nood is. Die sleutel om Paulus se uitsprake oor die Wet te verstaan volgens Sanders lê dus hierin: Waarom kan die Wet volgens Paulus nie red nie? Sanders se antwoord is dat die wet nie kan red nie omdat net Christus kan red. Wat is dus Paulus se probleem volgens Sanders? Die Wet is onnodig omdat dit nie Christus is nie (Schreiner 2010:36).

Ander Akademici wat in akkoord was met Sanders se siening van Judaïsme was Heikki Räisänen, wat afgetree het uit die universiteit van Helsinki in 2006. Räisänen het ’n meer radikale oplossing voorgestaan as die van Sanders. Op die vraag “Hoe moet ons Paulus verklaar indien Sanders se uiteensetting van Tweede Tempel Judaïsme korrek is?” het Räisänen aangevoer dat die gedagte dat Paulus ’n duidelike en logiese denker was foutief is. Paulus se teologie was volgens hom deurstek met teenstellings en is fundamenteel nie logies nie. Teoloë het Paulus se teologie oor die wet geklassifiseer asof dit ’n uiteenlopende, sistematiese gedagtegang gevolg het. Volgens Räisänen het hulle nie daarin geslaag om te sien dat Paulus vanuit twee fundamenteel teenstrydige voorveronderstellings te werk gegaan het nie. Aan die een kant het Paulus gemeen dat die Ou-Testamentiese Wet God se gesagvolle woord was. Aan die ander kant het hy volgehou dat dit vir die heidene nie nodig was om die Ou-Testamentiese Wet te onderhou nie. Gevolglik stel Räisänen dat Paulus nie hierdie twee gedagtes met mekaar kon versoen nie, aangesien hulle beide unieke begrippe is.

Talle akademici is egter daarvan oortuig is dat Paulus se denke duidelik en logies was en is nie deur Räisänen en Sanders se verklaring van Paulus tevrede gestel nie. Vir sommige wil dit blyk dat Räisänen vir Paulus baie onsimpatiek lees en daarom skiet daar feitlik orals skynbare teëstellings op. Alhoewel Sanders se interpretasie van Paulus meer aanvaarbaar as die van Räisänen was, merk James Dunn op dat die Paulus wat deur Sanders verduidelik word, te vinnig tot konklusies kom en subjektief is. Volgens Sanders is die enigste probleem met Judaïsme, dat dit nie Christendom is nie. Sedert Christus die enigste antwoord vir die mensdom is, was die wet verwerp as die oplossing en geïdentifiseer as ’n probleem. Dun wys tereg in reaksie hierteenoor, dat die Pauliniese teologie van die wet meer diepte as dit bevat. Paulus het nie bloot uit reaksie op sy dogmatiese redes die wet verwerp nie, die verwerping van die wet deur Paulus bevat ’n dieper en meer soliede fondasie (Schreiner 2010:37).

Dunn stem egter saam dat Sanders reg is ten opsigte van ’n fundamentele punt. Die Tweede Tempel Judaïsme was nie legalisties nie en daarom moet die standaard Protestantse lesing waarin die Wet nie red nie as gevolg van die menslike onvermoë om dit te onderhou, of as gevolg van legalisme, tersyde gestel word. In die lig van hierdie krisis het beide Dunn en N.T. Wright ’n nuwe manier om Paulus te lees voorgestel (“a New Perspective”) wat groot opslae veroorsaak het. Hulle was van mening dat wanneer Paulus binne sy historiese konteks gelees word, dan sentreer Paulus se klagtes teenoor sy Joodse opponente op die Jode se uitsluitlikheid van ander nasies, hulle nasionalisme en etniesgesentreerdheid sentreer. Die Jode het volgehou dat die heidene deel moes word van die Joodse volk en dus ook die Joodse

kenmerke soos die besnydenis, asook die Joodse gebruike soos die reinheids gebruike en Sabbat moes volg, voordat hulle deel van die volk van God kon word. Gevolglik bring die Pauliniese besware nie legalisme of menslike ongehoorsaamheid na vore nie.

Hulle sluit hier aan by Sanders se aanspraak dat die Tweede Tempel Judaïsme nie legalisties was nie en daarom word dit ook in die Pauliniese geskrifte verdedig. Dit was dus nie omdat die Wet legalisties was, of as gevolg van van die menslike ongehoorsaamheid wat vir Paulus teen die Wet laat skryf het nie. Dit was die aandrang daarop dat die heidene hul moet onderwerp aan die besnydenis en die ander kentekens van Judaïsme voordat hulle by God se volk ingesluit kon word. Paulus skryf teen diegene wat hulself as Jode etnies belangriker ag as ander groeperinge en kulture.

Schreiner (2010:38) wys daarop dat Sanders se interpretasie van die Tweede Tempel Judaïsme, sedert die verskyning daarvan, deeglik ondersoek was. Sommige van die bewyse vanuit die Joodse tekste van die Tweede Tempel tydperk, ondersteun die patroon van "covenantal nomism" wat deur Sanders verdedig word. Tog is die bewyse nie naastenby so oortuigend soos wat deur Sanders beweer word nie.

Schreiner (2010: 38) wys op Friedrich Avemarie se werk waarin daar twee temas van eleksie en werke binne onsekere tensie staan binne die Rabbiniese literatuur, sodat daar nie met duidelikheid gesê kan word dat werke altyd sub-ordinêr staan teenoor eleksie nie. Mark Elliot het ooreenkomstig volgehou dat Judaïsme gedurende die Tweede Tempel tydperk nie algemeen die verlossing van die ganse Israel ingesien het nie, maar slegs verlossing vir diegene wat die torah onderhou het. In dieselfde lig voer Andrew Das aan dat die weeg van meriete redelik prominent is binne die Rabbiniese literatuur. Alhoewel die barmhartigheid en genade van God nie vergete was nie, was daar tog 'n opmerklike klem geplaas op die menslike werke. Simon Garthercole voer aan dat Sanders se gevolgtrekkings baie ernstig geoordeel moet word aangesien daar voldoende bewyse voorkom binne die Tweede Tempel tydperk se literatuur dat werke wel 'n rol gespeel het binne die verkryging van finale verlossing.

Schreiner (2010:38) stel die volgende in verband met Sanders: In sommige gevalle dra Sanders se argumente in verband met "covenantal nomism" wel meriete, maar in ander gevalle fouteer hy in sy lees van die bewyse en forseer hy sy paradigma op die literatuur af. Sanders se aanspraak dat die Tweede Tempel Judaïsme nie die rol wat werke speel om verlossing te bekom beklemtoon nie, is ongegrond. Die Joodse bronne ondersteun nie sy

argument dat die Tweede Tempel Judaïsme ’n godsdiens van genade was baie ywerig nie. Daar was ten minste sommige segmente van Judaïsme wat gefokus het op menslike gehoorsaamheid wat in die slaggat van een of ander vorm van legalisme getrap het. Wanneer daar met die teologie van Paulus te werk gegaan word, moet gewaak word teen die aanname dat daar voldoende bewyse bestaan dat daar nie iets soos legalisme of werkheiligheid was in die Tweede Tempel Tydperk nie.

Samevatting

Paulus het radikaal verskil van die Joodse leer van verlossing. Paulus het weer die klemverskuiwing teruggeplaas op die verbond. Paulus wys daarop dat die ywer van die Jode vir die wet, tot roem lei aangesien dit eer soek by God en dus eerder op die mens staatmaak as op God. Hierdie roem staan in kontras teenoor die geloof omdat dit die werke van die mens deur die wet as ’n basis stel vir regverdigmaking. Hierdie roem is tot aanstoot vir die karakter aan God aan wie alleen alle roem en eer behoort. E.P. Sanders het in 1977 baie sterk teen die algemene Christelike siening oor Judaïsme binne die Tweede Tempel Tydperk beswaar aangeteken. Sanders was van mening dat die siening dat Judaïsme legalisties in die Tweede Tempel Tydperk was, ’n mite was wat op die bewyse afgedwing was deur Christelike geleerdes wat Judaïsme vanuit ’n siniese oogpunt beoordeel het. Sanders voer aan in sy standpunt van “covenantal nomism”, dat die Joodse geloof binne die Tweede Tempel Tydperk wel ’n geloof van genade was en dat Paulus slegs om dogmatiese redes daarvan verskil het. In die lig hiervan het James Dunn en N.T. Wright ’n nuwe perspektief op die verstaan van Paulus voorgestel. Hulle was van mening dat Paulus se besware teen die Judaïsme nie as gevolg van legalisme of ongehoorsaamheid was nie. Volgens hulle was Paulus se besware teen die Judaïsme as gevolg van hul uitsluitlikheid teenoor ander nasies, hul nasionalisme en hul etniese diskriminasie. Paulus was beswaard daarteen dat die heidene nie kon deel word van die volk van God as hulle nie die uiterlike kentekens van die Jode gedra het nie. Daar kan egter nie met hierdie standpunte oor die nuwe perspektief op Paulus saamgestem word nie. Alhoewel daar bewyse is wat die standpunte van Sanders ondersteun, is die bewyse egter nie so oortuigend soos wat deur Sanders beweer word nie. Daar bestaan wel duidelike bewyse van segmente in die Judaïsme binne die Tweede Tempel Tydperk wat op die menslike gehoorsaamheid gefokus het en in legalisme verval het.

In hierdie hoofstuk was daar gefokus op die klemverskuiwing wat daar vanaf die Ou Testament na die Inter-Testamentêre ontstaan het tussen die rol wat die wet en die verbond in

die geloofslewe van Israel gespeel het. Daar was ook gekyk na Paulus se kritiek hierop en die nuwe perspektief op Paulus van o.a. E.P. Sanders. In die volgende hoofstuk gaan na Paulus se eskatologie gekyk word in die lig van die nuwe verbond.

OPSOMMING

Hierdie is ’n studie van die motief, eis en uitlewing van die liefdesgebod in die Nuwe Testament in die teologie van Paulus. Die doel van die wet sowel as die rol wat dit in die mens se lewe speel, is binne die Ou verbond sowel as die Nuwe verbond ondersoek. Daar is gekyk na die verandering wat plaasgevind het in verband met die doel sowel as die rol van die wet in die oorgang van die Ou na die Nuwe verbond binne die eskatologie van Paulus. Verder is gekyk na die rol van die wet in verband met die soteriologie van Paulus om die uitwerking hiervan op die mens se situasie binne die antropologie van Paulus toe te pas. Daarna is gekyk na die uitwerking van die nuwe verbond op die antropologiese situasie wat weens sonde ontstaan het. Laastens is gekyk na die praktiese gevolge wat hierdie verandering tot gevolg gehad het binne die etiek van Paulus.

Daar is bewys dat die motief van die liefdesgebod in die nuwe verbond is om die gelowige tot die besef van sy eie onvermoë te bring en om die gelowige tot die realisering te bring van dit wat God deur Christus vir hom/haar gedoen het.

Daar is bewys dat die Gelowige nie meer ’n verpligting teenoor die wet van Moses het nie, maar wel teenoor die wet van Christus. Dit behels dat die gelowige nou self die wet kan vervul, deur ander lief te hê.

Daar is bewys kragtens die vervulling van die wet in Christus dat: die gelowige nou wil doen wat God van hom/haar verwag; dat die gelowige nou nie meer onder die vlees nie, maar onder die Gees is, wat die gelowige in staat stel om die liefdesgebod uit te leef. Die gelowige doen egter niks uit hom/haarself nie, maar vanuit die identifikasie met Christus. Die goeie dade wat die gelowige doen is nie vanuit hom/haarself nie, maar bloot ’n reaksie op die realisering van dit wat God deur Christus in sy/haar lewe gedoen het.

SUMMARY

This is a study of the motive, demand and fulfillment of the commandment of love in the New Testament theology of Paul. The purpose of the commandment as well as the role that this plays in man's live, were examined in both the Old covenant and the New covenant. The change that took place from the Old Testament to the New Testament in the purpose as well as the role of the commandment was studied within the eschatology of Paul. Further the role of the commandment in relation to the soteriology of Paul was analyzed to apply the effect thereof on man's situation within the anthropology of Paul. Thereafter the effect of the new commandment on the anthropological situation caused by sin was evaluated. Lastly the practical effects of this change were considered within the ethic of Paul.

It was proven that the new commandment includes the motive for the commandment of love so as to make the faithful understand his/her inability and to realize what God through Christ has done for him/her.

It was proven that the faithful's obligation to the commandment of Christ replaces the obligation to the commandment of Moses. This entails that the faithful can fulfill the commandment by loving others.

It was proven that under the commandment in Christ: the faithful now want to do what God requires from him/her; the faithful now lives under the Spirit that enables him/her to fulfill the commandment of love and no longer lives under the flesh. The faithful can however do nothing by him/herself but only through identification with Christ. The good deeds done by the faithful is thus not a deed due to him/herself, but rather due to the realization of what God through Christ has done for him/her.

BRONNELYS

Calvyn, J 2008	*Kommentaar op die Brief van Paulus aan die Romeine*. Vertaal deur prof. dr. Stefanus Postma. Bloemfontein: UV Teologiese Studies.
Das, A 2003	*Paul and the Jews.* Peabody, Massachusetts: Hendrickson.
Dunn, JG 2007	*The New Perspective on Paul.* Wm. B. Eerdmans Publishing Company. Kindle Edition.
Guthrie, D 1981	*New Testament Theology*. Inter-Varsity Press.
Ladd, GE 1993	*A Theology of the New Testament.* Grand Rapids, Michigan: Erdmans.
Ladd, GE 2010	*Theology of the New Testament*. Wm. B. Eerdmans Publishing Company. Kindle Edition.
Marshall, IH 2004	*New Testament Theology. Many Witnesses, One Gospel.* Inter-Varsity Press.
Marshall, IH 2008	*A Concise New Testament Theology*. Downers Growe, Illinois: Inter-Varsity Press.
Moore, GF 1927	*Judaism in the First Centuries of the Christian Era.* Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
Morris, L 1990	*New Testament Theology*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan
Hawthorne, GF, Martin, RP & Ried, DG 1993	*Dictionary of Paul and his letters. A Compendium of Contemporary Biblical Scolarship.* Downers Grove, Illinois.

Ridderbos, HN 1975 — *Paul: an outline of his theology*. Grand Rapids, Michigan: Erdmans.

Sanders, EP 1977 — *Paul and Palestinian Judaism: A Comparison of Patterns of Religion.* Fortress Press.

Schreiner, TR 2008 — *New Testament Theology. Magnifying God in Christ.* Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Schreiner, TR 2010 — *Magnifying God in Christ. A Summary of New Testament Theology*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Schreiner, TR 2010 — *40 Questions About Christians and Biblical Law*. Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications.

Sproul, RC 2005 — *The Gospel of God Romans. An Exposition of Romans.* Geanies House, Fearn, Ross-shire: Christian Focus Publications.

2011 — *The Holy Bible, English Standard Edition.* Good News Publishers. Kindle Edition.

2008 — *Die Bybel, Afrikaans Ou Vertaling.* South African Bible Society / e-Sword